basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2011

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

Goedgekeur
Eksterne moderator
20/11/2011

Goedgekeur
(Eksterne moderator)
20-11-2011

**Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye plus 'n rubriek.**

R Boucher
20-11-2011
Interne Moderator

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2011 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Kopiereg voorbehou

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

### AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1: *Kringe in 'n Bos* | Opstelvraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 2: *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 3: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Opstelvraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 4: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 5: *Meeulanders* | Opstelvraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 6: *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

OF

### AFDELING B: DRAMA

Beantwoord net EEN vraag.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 7: *Poppie – die drama* | Opstelvraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 8: *Poppie – die drama* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 9: *Paljas* | Opstelvraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 10: *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

OF

### AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord net EEN vraag.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 11: *Baby* | Opstelvraag | 35 punte |
| OF | | |
| VRAAG 12: *Op soek na Kid Khumalo* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

OF

### AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord vrae oor enige TWEE gedigte.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 13: Kontak | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| OF | | |
| VRAAG 14: Woorde | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| OF | | |
| VRAAG 15: Kabouterliefde | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| OF | | |
| VRAAG 16: Stad in die mis | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

## NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A, B en C altwee die vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor **dieselfde genre** beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat meer as twee gedigte in AFDELING D beantwoord het, word die eerste twee gedigte nagesien. Trek 'n streep deur die laaste (twee) gedig(te).
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat die kandidaat hom-/haarself gepenaliseer het.
- As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde toe en ignoreer die res van die opstel.
- By die nasien van die opstel word die punte soos volg aangedui:
  I: punt (Kode)
  <u>T+S: punt</u> (Kode)
  Totaal: 35
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- Halwe punte word as heel punte oorgedra na die voorblad. Indien die kandidaat volpunte vir gedigte kry, word punte oorgedra as 18 en 17 om 35 (totaal) te kry. Indien 'n kandidaat byvoorbeeld 6½ en 7½ kry, word punte oorgedra as 7 en 8.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR vereis:
  - WAAR/ONWAAR is KORREK = ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
  - WAAR/ONWAAR is KORREK = ✓ maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ×
  - WAAR/ONWAAR is VERKEERD = ×
    Die rede/motivering/aanhaling = ×, ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed, indien nie, sien die antwoord na.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

### *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

**Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:**

**Saul se optrede toe hulle die kalander gekap het**

- Saul se pa het gesê dat hulle die mooiste en grootste kalander (Outeniekwa-geelhoutboom) moes gaan kap.
- Saul was vol bewondering vir die boom wat koninklik bo die ander uitgetroon het.
- Vir die res van die span wat gegaan het om die boom te kap, was dit net 'n werk wat gedoen moes word om geld te verdien.
- Met die eerste bylhou het Saul die pyn in sy lyf gevoel.
- Saul het aan Jozef gesê dat die boom die pyn gevoel het.
- Saul het vir sy pa gesê dat die kalander nie wou doodgaan nie.
- Saul het die boom as 'n lewende wese beskou.
- Joram en Jozef het gedink hy het onsin gepraat.
- Saul het geweier om die boom te kap.
- Sy pa het hom hardhandig verplig om te kap.
- Saul het weer by sy pa gepleit, maar Joram het hom nie daaraan gesteur nie.
- Saul se opstand teen sy pa het Jozef laat opmerk dat Saul in sy "beneuktyd" was.
- Saul het selfs begin bid dat die boom gouer moes val, want hy kon nie die pyn verduur nie.
- Nadat die boom geval het, het Saul naar geword.
- Hierdie insident wys dat Saul anders gedink het as sy eie mense. Hy het die Bos ervaar as iets wat groei en lewe en wat kon voel.

**Saul se optrede teenoor die delwers**

- Saul was kwaad vir die delwers, want die delwers het:
  - die Bos uitgeroei.
  - vuur gemaak met die skaarsste hout in die bos.
  - bome onnodig gekap.
  - vullis orals in hope laat lê.
- Saul het baie bosbokstrikke gesien en het hierdie strikke vernietig.
- Die delwers wat nie goud kon vind nie, het ook olifante begin skiet om die ivoor te verkoop.
- Saul het die delwers bang gemaak met stories oor olifante.
- Saul het die beeshoring gebruik om hulle bang te maak.
- Saul het soms by hulle aangehardloop gekom en gemaak asof hy deur olifante gejaag is.

- Stopforth, een van die delwers, het Oupoot doodgeskiet.
- Saul het so kwaad geword dat hy op Stopforth geskiet het.
- Saul se pogings om die Bos te red, het min gehelp.
- Die delwers het gedink dat Saul 'n spioen vir die Goewerment was.
- Saul het raakgesien dat, indien almal sou aanhou om die Bos uit te roei, daar heel gou niks meer oor sou wees nie.
- Die Bosmense het die delwers gesien as die duiwel in die Bos.
- Die Bosmense het geglo dat hulle houtlisensies weggeneem sou word indien hulle sou begin delf.
- Die Bosmense het nie saamgestem dat, indien daar goud in die Bos was, dit aan hulle behoort het nie.
- Die Bosmense se bygelowigheid het veroorsaak dat hulle nie betrokke wou raak by die delwers nie.

**Saul se optrede teenoor die houtkopers**

- Saul het geglo dat die houtkopers die houtkappers in 'n skewe sirkel vashou.
- Dit het uitgeloop op die verwoesting van die Bos.
- Die houtkopers het te min betaal en gevolglik moes die houtkappers al meer bome uitkap.
- Die houtkappers het ongemerkte bome gekap om voor te bly met die houtkopers se druk.
- Omdat die houtkopers te min betaal het vir hout, moes houtkappers ivoor smokkel om aan die lewe te bly.
- Saul was slim genoeg om die skewe sirkel wat die houtkopers begin het en die houtkopers se taktiek, raak te sien.
- Saul het die moed gehad om vir McDonald te konfronteer.
- Daar was dikwels rusies tussen Saul en sy pa/broer omdat Saul gevoel het dat hulle nie hulle man staan teen die houtkopers nie.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS*** **– Dalene Matthee**
**(p. 206–207) en (p. 14)**

2.1
- Dat hulle meer as net houtkappers kan wees.
- Dat hy suksesvol kan wees.

(Enige EEN) (1)

2.2 Sy ma is dood. (1)

2.3 Hy wou Oupoot doodskiet. (1)

2.4
- Daar was 'n band tussen Oupoot en Saul.
- Oupoot het nog altyd vir Saul beskerm.
- Oupoot het Saul as mens-broer aangeneem.
- Oupoot was Saul se dier-broer.
- Oupoot het vir Saul gerespekteer.

(Of soortgelyk) (1)

2.5 A spioen (1)

2.6
- Hy was die leier van die olifante.
- Hy was die slimste olifant in die Bos.
- Hy was die grootste olifant in die Bos.

(Enige EEN) (1)

2.7 2.7.1 B Maska (1)

2.7.2 D Joram (1)

2.7.3 A Jozef (1)

2.7.4 C Arend (1)

2.8 Hy het Oupoot se voetspore gesien. (1)

2.9
- Maska het vir Saul van Saul se pa se dood gaan sê.
- Maska het vir Saul probeer oorreed om om te draai toe Freek en Jozef op pad was om Oupoot te gaan skiet.
- Maska het vir Saul gaan vertel van Jozef se kind, Joram, se dood.
- Maska het geweet hoe Saul oor Oupoot gevoel het en het toe die spoor aan Freek verkeerd aangedui.
- Maska het vir Saul uit die pad van die koeie gekry toe Oupoot geskiet is.

(Enige DRIE) (3)

2.10 2.10.1 kwartponder (1)

2.10.2 moed (1)

2.10.3 lewe (1)

2.10.4 middelaar (1)

2.11 Ja
- Saul het die Bos en die olifante probeer beskerm/bewaar.
- Saul was die sterkste persoon in die Bos.
- Oupoot sou nie 'n verraaier as mens-broer kies nie.
- Saul was 'n leiersfiguur/koningsfiguur.
- Saul en Oupoot was eenders, want hulle was albei leiersfigure of alleenlopers/albei is vals beskuldig.

(Enige EEN of soortgelyk)

OF

Nee
- Saul kon aan die einde nie vir Oupoot red nie.
- Saul kon nie vir Oupoot beskerm teen mense nie.
- Saul kon nie die Bos red nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.12 Hy het respek vir hom getoon. (1)

2.13
- Oupoot het Saul ondersteun deur in die nabyheid te wees toe Saul se pa hom weggejaag het.
- Oupoot was in die nabyheid toe Saul baie siek geword het.
- Oupoot was in die nabyheid na Saul se pa/ma se dood/begrafnis.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.14 Engeland (1)

2.15 2.15.1
- grootvoete
- dikbene
- (ons) voorouers

(Enige EEN) (1)

2.15.2 Die olifante sou hulle kom trap. (1)

2.15.3 bygelowig (1)

2.16 2.16.1 Jozef het geglo dat Oupoot sy seun (Joram) doodgemaak het. (1)

2.16.2 Maska het hom laat weet. (1)

2.17 2.17.1 Onwaar (1)

2.17.2 Oupoot was 'n alleenloper/het alleen geloop. (*Oupoot het nie saam met 'n trop beweeg nie*, word nie as motivering aanvaar nie.) (1)

2.18 Saul en Jozef het vrede gemaak/mekaar weer gevind/versoen. (1)

2.19
- Terblans was 'n olifantjagter sonder genade.
- Terblans het lank gewag vir die geleentheid om vir Oupoot te skiet.
- Terblans is betaal om olifante te skiet.

(Enige EEN) (1)

2.20 B bewussyn (1)

2.21 2.21.1 Onwaar (1)

2.21.2
- Stopforth het Oupoot doodgeskiet.
- Een van die delwers het Oupoot doodgeskiet.

(Enige EEN) (1)

2.22
- Hy sou Oupoot se tande van Stopforth koop.
- Hy sou Oupoot se tande in die Bos begrawe/nie toelaat dat dit die Bos verlaat nie.

(Enige EEN) (1)

**[35]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: OPSTELVRAAG

### *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

**Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:**

**Wat die oggend met Hanna se verjaarsdag gebeur het wat anders was as ander oggende**

- Haar verjaarsdag het vir haar soos 'n droom gevoel.
- Sy is nie soos die vorige tien dae uit die bed gejaag nie.
- Sy het saggies wakker geword van 'n opgewonde gefluister in die kamer.
- Toe sy haar oë oopgemaak het, het almal om haar bed gestaan.
- Almal het vir haar gesing: "Veels geluk, liewe maatjie."
- Sharon het daar gestaan met 'n volgelaaide skinkbord in haar hande.
- Selfs Yann en Margot het saam gesing en sy het gehoor dat Margot 'n fantastiese stem gehad het.
- Sharon het haar gesoen en die skinkbord met lemoensap, koffie en karringmelkbeskuit aangegee.
- Om 'n dag so te begin, was vir haar 'n wonderlike belewenis.

**Die geskenke wat Hanna gekry het**

- Sy het 'n kaartjie gekry. Dit was 'n potloodskets van die rietdakhuis wat Mana geteken het en almal se name was op die kaartjie.
- Sharon se geskenk, 'n grimeerstelletjie, was iets persoonliks wat een vriendin vir 'n ander sal gee om haar spesiaal te laat voel. Margot en Sharon het belowe om haar 'n totale nuwe voorkoms te gee.
- Hanna het benoud gevoel daaroor, maar Margot het belowe dat hulle haar vaal gesiggie in iets besonders gaan verander.
- Margot het vir haar 'n grys oortrektrui gegee met die woord GAP in oranje op die bors geskryf. Margot wat nie nodig gehad het om vir haar iets te gee nie, het dit wel gedoen.
- Tibo en Amos het elkeen vir haar 'n doos sjokolade gegee en wou dit dadelik met haar begin deel.
- Mana het vir haar 'n mandjie vol lekkerruikgoed gegee. In die mandjie was sepe, botteltjies met badsout en badolie en 'n groot, wit handdoek met haar naam in goue garing geborduur.
- Dit was die eerste keer dat Mana nie vir haar 'n boek vir haar verjaarsdag gegee het nie. Dit het Hanna baie gelukkig laat voel.
- Beyers het vir haar 'n bundeltjie met Shakespeare se sonnette in bruin leer gebind, gegee.
- Beyers het die Shakespeare-sonnette voorgedra. Beyers ken haar so goed en sy geskenk was vir haar iets wonderliks.
- Sy was baie verbaas toe Yann vir haar 'n pen met 'n tiervelpatroon gegee het. Hy het gesê dat dit haar sal help om haar lewensverhaal te skryf. Yann se geskenk was die grootste verrassing, want dit wys dat hy haar tog goed ken en verstaan.

Kopiereg voorbehou 

- Sy was so opgewonde oor al haar geskenke, want dit het haar spesiaal laat voel.

**Hoe hierdie dag Hanna gehelp het om anders oor haar familie te begin dink**

- Sy het begin besef dat haar gesin daar is om haar te ondersteun.
- Sy het begin besef dat haar gesin vir haar omgee.
- Sy het ervaar dat haar gesin haar en haar behoeftes verstaan het.
- Sy het besef dat haar verjaarsdag in 'n fees verander het, danksy haar gesin.
- Sy het begin besef dat gesinne verskillend is.
- Eie respons wat Hanna se waardering vir haar gesin uitbeeld, is aanvaarbaar.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver (p.17, 73), (p. 82) en (p.183)**

4.1
- Sy het gevoel hy was 'n onbetrokke/afwesige pa./Sy ken hom nie.
- Sy het nie geweet wat om vir hom te sê nie.
- Sy het gevoel hy was nie veel meer as 'n stem oor die telefoon nie.
- Sy het gevoel hy was nie regtig deel van haar lewe nie.
- Sy het skaam/ongelukkig gevoel (omdat hy gay was).

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.2
- Sy het na die spermskenker verwys.
- Sy het na Tibo se pa verwys.
- Sy het na die manier waarop Tibo "geskep" is verwys.

(Enige EEN) (1)

4.3 4.3.1 Onwaar (1)

4.3.2
- Volgens Mana was dit reg as seuns popspeel/met poppe speel.
- Volgens Mana was dit reg as meisies rugby speel.
- Mana het nie aan stereotipering geglo nie.

(Enige EEN) (1)

4.4 4.4.1 Onwaar (1)

4.4.2 (Hanna het gedink dat) **hy die beste man was** wat haar ma nog ooit in haar lewe gehad het.
Sy kon nie lieg en sê hy was 'n bose stiefpa nie.
(Enige EEN) (1)

4.5
- Sharon het gesê dat haar gesin nie dinge saamgedoen het soos Hanna-hulle nie.
- Sharon het altyd iets positiefs te sê gehad oor Hanna se gesin. (as Hanna iets negatiefs gesê het).
- Sharon het gesê dat Hanna 'n interessante gesin het.
- Sharon was nie skaam om te vertel van haar ouma se eenvoudige lewe nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.6 4.6.1 Gavin/Hanna se pa (1)

4.6.2
- Hy wou Hanna se verjaarsdag bywoon.
- Hy was in die Kaap.
- Hy was daar vir 'n modeskou.

(ENIGE EEN) (1)

4.7 Almal wou ewe skielik kom kuier.
Hy was krapperig omdat Margot kom kuier het.
(Enige EEN) (1)

4.8 4.8.1 Amos (1)

4.8.2 aktrise (1)

4.8.3 koningin (1)

4.8.4 Tibo (1)

4.9
- Dit het vir hulle baie beteken dat Margot die gesin laat saamwerk het deur haar oefeninge vir almal.
- Dit het vir hulle baie beteken dat Margot vir Mana/die gesin gehelp het met die baba se geboorte.
- Margot het met haar komplimente die gesin gehelp om beter oor hulleself te voel.
- Dit het vir hulle baie beteken dat Margot met haar voorbeeld vir Hanna gehelp het om haarself en haar gesin te aanvaar.
- Die verhouding tussen Margot en haar kinders het verbeter.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

4.10 4.10.1 E Gavin (1)

4.10.2 D Yann (1)

4.10.3 A Mana (1)

4.10.4 B Hanna (1)

4.11 4.11.1 Hulle het speletjies (krabbel/kaart/vasvra) gespeel/ gedigte gelees. (1)

4.11.2
- Hulle het nooit sulke dinge by haar huis gedoen nie.
- Hierdie gesin het dinge saam gedoen.
- Dit was vir Sharon lekker om by Yann te wees, want sy het van hom gehou.

(Enige EEN) (1)

4.12 Fabienne (1)

4.13 C nie kon lees nie, maar die mooiste stories vertel het. (1)

4.14 4.14.1 Haar pa het sy hare gebleik/sy hare het peroksiedkleure. (1)

4.14.2
- Hy het haar nooit regtig ondersteun nie./Hy was 'n afwesige pa.
- Hy het grimering gedra.
- Hy het 'n homoseksuele/gay lewenstyl gehad.
- Hy het nie eers moeite gedoen om met haar vorige verjaarsdae by haar te wees nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.14.3
- Hanna se ma het nie hoëhakskoene en nylonkouse (soos die ander kinders se ma's gedra) nie.
- Hanna se ma het groen skoene/pers hoede gedra (en die ander kinders se ma's nie).
- Hanna se ma het nie na duur parfuum geruik (soos ander ma's) nie OF Hanna se ma het na paraffien geruik.
- Hanna se ma het nie tuisgebly en koekies gebak (soos ander ma's) nie.
- Hanna se ma het haar hare met verfkwaste vasgesteek.
- Hanna se ma het om die rugbyveld gehardloop met 'n fles groen tee.
- Ander ma's het nie dwarsdeur die nag geverf nie en Hanna se ma het.
- Hanna se ma het nie in 'n kantoor gewerk (soos ander ma's) nie.
- Hanna se ma het nie in 'n blink karretjie gery (soos ander ma's) nie OF Hanna se ma het met 'n vuil stasiewa sonder agtersitplekke gery.
- Hanna se ma wou/het 'n wittebrood vir die hele gesin reël.

(Enige DRIE of ander bewyse wat die duidelike verskil tussen Mana en ander ma's aandui.) (3)

4.15
- Sy het gesê dat sy Fabulous Fabienne is.
- Sy het gesê dat sy 'n roman van Hanna verwag wat die wêreld gaan verower.
- Sy het gesê dat as die roman 'n fliek word, sy graag die hoofrol wou speel.
- Sy het ook gesê sy sou eerder die fassinerende moederfiguur in die fliek wou wees.

(Enige EEN) (1)

4.16 C baba moes versorg word. (1)

4.17 Hy het vir Hanna 'n geskenk gegee.
Hy het Hanna se kant gekies toe Tibo en Amos in haar kamer gekrap het.
(Enige EEN) (1)

4.18 4.18.1 (As) 'n (gemiddelde) vaal meisiekind.
Hanna gaan haarself beskryf soos sy regtig was /as Hanna Hoekom (1)

4.18.2 Sy het haar aanvaar net soos sy was.
(Of soortgelyk) (1)

4.19
- Ons leer dat stiefverhoudings kan werk.
- Ons leer dat verhoudings met stiefpa's en –ma's kan werk.
- Stieffamilies moet mekaar aanvaar.
- Stieffamilies moet moeite doen om mekaar te leer ken.
- Stieffamilies kan saam kuier.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG [35]

## *MEEULANDERS* – Esta Steyn

**Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:**

**Hoe Jannerik vir Ryna gehelp het**

- Jannerik was 'n handige mens en het Ryna gehelp om haar huisie leefbaar te maak.
- Jannerik is die eerste een wat Ryna laat besef het dat haar pyn sal oorwaai.
- Hy het haar laat verstaan dat as sy 'n boom sou plant, al haar pyn in die boom se takke sou groei.
- Mettertyd sou sy van al haar pyn ontslae raak en daarvan vergeet.
- Hy't haar ook gehelp om groenteplantjies en blomsteggies te plant as deel van haar aanvaarding van haar omgewing.
- Hy het haar sielsgenoot geword en geweet wat en wanneer hy vir haar iets moes doen.
- Hy en Ryna het die geheim van Elsabet en Kinnie se babas gedeel en sodoende het Ryna vir ewig deel geword van Meeuland, Salamanderbaai en sy mense.
- Hy het, deur Kinnie se kind na die eiland te bring, Ryna weer 'n "moeder" laat word.

**Hoe Attie vir Ryna gehelp het**

- Attie het vanuit die staanspoor van Ryna gehou.
- Hy was bereid om sy werk by Fred-hulle te bedank om saam met Ryna op die eiland te gaan bly.
- Hy het haar gehelp om haar huisie op die eiland gerieflik te maak.
- Hy het Ryna se lewe op die eiland draagliker gemaak, deur sy opregte vriendskap en bystand.
- Hy het Ryna gedwing om weer na haar uiterlike te kyk toe sy vir haar 'n rok moes maak vir hulle aand saam uit.
- Hy het haar na sy "restaurant" op die kaai genooi en haar met lekker kos en mooi musiek onthaal.
- Hy het uiteindelik besef dat Ryna lief was vir Jacob.
- Hy het haar gevoelens gerespekteer deur weg te gaan.

**Hoe Janka vir Ryna gehelp het**

- Janka het Ryna se moederinstink weer aangewakker toe Ryna van Janka se babadae af baie na haar moes omsien.
- Die geheim wat Ryna met Jannerik en Jacob gedeel het oor Janka se identiteit, het haar onlosmaaklik deel van Janka se lewe en Meeuland gemaak.
- Janka het Ryna geleer om weer onvoorwaardelik om te gee en lief te hê.
- Toe Janka vir die eerste keer vir Ryna Ma-ma noem, het Ryna geweet sy en die kind is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.
- Ryna kon vir Janka soos 'n eie kind versorg.

- Ryna het na Janka omgesien, terwyl Jacob in die tronk was.
- Janka het die gaping wat Ryna se seun (Ronnie) se dood veroorsaak het, in Ryna se lewe gevul.
- Die versorging van Janka het Ryna weer sin in die lewe gegee.

**SLOT:** Die bespreking word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**
***MEEULANDERS* – Esta Steyn**
**(p. 81) en (p. 299, 321)**

6.1 (Na) Elsabet se kind/Elsabet en Jacob se kind. (1)

6.2 Die baba het gesterf. (1)

6.3 Hulle het die baba (by 'n oorhangende rots) gaan begrawe. (1)

6.4
- Kinnie het by die geboorte van haar kind gesterf.
- Ousanna het na die baba omgesien.
- Ousanna moes Kaap toe gaan om haar oë te laat toets.

- Ousanna het vir Jannerik gevra om na die baba te kyk tot sy terugkom.
- Jannerik moes teruggaan Meeuland toe en moes die kind saamneem.

(Enige DRIE sinne) (3)

6.5
- Dat hulle Kinnie se baba vir Elsabet gaan gee.
- Hulle gaan die babas omruil.

(Enige EEN) (1)

6.6 Ek sou voorstel dat ons Kinnie se baba die beste kans in die lewe moes gun.
OF
Ek sou nie so 'n besluit namens ander neem nie (sou eers vir Elsabet vra of sy dit so sou verkies).
Ek sou dieselfde besluit geneem het.
(Of soortgelyk) (1)

6.7
- Sy het gevoel dit was Fred se reg om te weet hy was die pa.
- Sy kon nie meer met die geheim rondloop nie.

(Of soortgelyk) (1)

6.8
- Dit dui aan dat dit Ryna se gedagtes is.
- Dit gee die leser meer inligting oor gebeure (in die verhaal).

(Enige EEN) (1)

6.9 C sy lekker gelag het toe sy vir die eerste keer 'n pikkewyn gesien het. (1)

6.10 Ja, ek dink dit was reg.
Elsabet was baie ongelukkig op die eiland en wou wegkom om helderheid oor haarself (haar lewe) te kry.
OF
Nee, ek dink nie dit was reg nie.
'n Ma kan nie sommer haar kind net so los en weggaan nie, want die kind het haar nodig.
Elsabet het net aan haarself en nie aan die kind gedink nie.
(Of soortgelyk) (1)

6.11 Sy het van Jacob geskei. (1)

6.12 Janka was Fred se eie kind en hy het dit nie besef nie. (1)

6.13 6.13.1 Onwaar (1)

6.13.2 Jannerik het Kinnie se wekkertjie vir Janka gegee. (1)

6.14 Sy het vir Kersvader gewag. (1)

6.15 6.15.1 B Attie (1)

6.15.2 C Jannerik (1)

6.15.3 E Daniel (1)

6.15.4 A Sersant Beukes (1)

6.16 Sy is (per ongeluk) (deur Skalla) raakgeskiet.
Sy is ernstig beseer.
(Enige EEN) (1)

6.17 6.17.1 Skalla (1)

6.17.2 Meeuw (1)

6.17.3 Conradie (1)

6.17.4 Fred (1)

6.18
- Sy het deursettingsvermoë gehad.
- Sy was 'n vegter.
- Sy het nie maklik moed opgegee nie.
- Sy was 'n sterk mensie.
- Sy was vasberade.

(Of soortgelyk) (1)

6.19 6.19.1 Onwaar (1)

6.19.2 Sy het die hospitaal op krukke verlaat.
(Of soortgelyk) (1)

Kopiereg voorbehou 

6.20 Matthys (1)
Hansie (1)

6.21 Sy was bang hulle sou Janka van Jacob af wegvat. (1)

6.22 'n partytjie gehou (1)

6.23 B gehuil (1)

6.24
- Jacob moes tronk toe gaan (omdat hy Skalla, wat vir Janka geskiet het, doodgemaak het).
- Jacob het na die vonnis 'n kriminele rekord gehad.
- Jacob het vyf jaar van sy lewe in die tronk "verloor".
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

**Beantwoord EEN van die volgende vrae.**

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

**Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:**

**Hoekom Jakkie by die opstande betrokke geraak het**
- Jakkie was ongelukkig omdat die wet net getel het as dit die witmense gepas het.
- Jakkie was kwaad vir die wet gewees, daarom het hy gesê hy gooi klip teen die wet.
- Die Homelands- (Tuisland-)stories het hom kwaad gemaak.
- Jakkie het baklei vir Poppie en haar kinders.
- Jakkie was kwaad oor die gedwonge verskuiwings.
- Jakkie het betrokke geraak, want die grootmense se tyd was verby – hulle wou nie meer baklei nie.
- Jakkie was ontevrede oor die trekarbeiders wat drank verkoop het.
- Jakkie wou eerder teen die wet baklei as om skool toe te gaan.
- Jakkie het sommer vir al die ou goed wat gepla het, baklei. (Verwys na die liddoring)
- Jakkie kon sien dat niks sou regkom as hy vir die grootmense moes wag nie.

Kopiereg voorbehou

**Hoe Jakkie en die kinders hul ontevredenheid gewys het**
- Die kinders het die biersale/drankhuise en –winkels aan die brand gesteek.
- Die kinders het teen die trekarbeiders geveg.
- Jakkie en die kinders het 'n veldtog teen die grootmense gevoer.
- Jakkie het gesê hy gooi klip teen die wet.
- Die kinders het die grootmense wat dronk was, geslaan.
- Die kinders het bevrydingsliedere/vegliedere gesing.
- Die kinders het klip gegooi.
- Die kinders het die polisievoertuie aan die brand gesteek.
- Die kinders het busse verniel.
- Die kinders het skole afgebrand.
- Die kinders het petrolbomme gegooi.
- Op Kersdag het die groot geveg met die trekarbeiders en die polisie plaasgevind.
- Jakkie het 'n polisieman geskiet.

**Watter gevolge Jakkie se besluit vir sy familie gehad het**
- Nadat Jakkie die polisieman geskiet het, moes hy vlug.
- Jakkie se ma en Baby is ook in hegtenis geneem.
- Die polisie wou van Jakkie se familie weet waar hy was.
- Jakkie is al 'n paar keer gevange geneem en dit het sy ma baie ongelukkig en bekommerd gemaak.
- Die polisie het selfs by Poppie se werk opgedaag om van Jakkie te verneem.
- Jakkie se betrokkenheid het veroorsaak dat Poppie se kinders en haar familie by die opstande betrek is, al het sy hulle weggestuur om nie deel van die opstande te wees nie.
- Bonsile en Nomvula is in hegtenis geneem oor hulle hulp aan Jakkie.
- Die gevolge van Jakkie en die kinders se optrede het die dood van Bonsile se kind veroorsaak.

**SLOT:** Die tema word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

**VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**
**(p. 25/26)**

8.1
- Die regering
- Die amptenare
- Die wet
- Die munisipaliteit

(Enige EEN) (1)

8.2 Poppie se stiefpa/Ma Lena se tweede man (1)

8.3
- Mama het nie geweet waar hulle gaan bly nie.
- Mama het niemand in die vreemde geken nie.

(Enige EEN) (1)

8.4 Die mense wou nie trek nie. (1)

8.5
- Poppie kon nie vir Stone alleen laat agterbly nie.
- Poppie moes vir haar man kos maak.
- Poppie moes haar man se klere was en stryk.
- Stone wou nie sy werk by die fabriek laat staan nie.

(Enige EEN) (1)

8.6
- Bang
- Onrustig/Poppie het nooit weer gerus gevoel nie.

(Enige EEN) (1)

8.7 8.7.1 Kaap (1)

8.7.2 Lambertsbaai (1)

8.7.3 Elsies (1)

8.7.4 Constansie (1)

8.8 B werk (1)

8.9 Die paswet./Sy kon nie 'n pas kry nie.
Haar naam was nie op Ma Lena se huiskaart nie.
(Enige EEN) (1)

8.10 8.10.1 Poppie het nie van haar stiefpa gehou nie. (1)
Poppie het reeds 'n vorige keer die huis verlaat (oor haar stiefpa).
(Enige EEN)

8.10.2 Katie (1)

8.11 Sy het gesê Poppie wou mos met 'n man van die Transkei trou.
(Kafferland se man) (1)

8.12 8.12.1 Onwaar (1)

8.12.2 (Stone het tuis gebly), want hy was te siek om werk toe te gaan. (1)

8.13 C Poppie se man, Stone, ook 'n trekarbeider was. (1)

8.14 8.14.1 B Constance (Punt moet toegeken word ongeag antwoord – verkeerde feit in vraestel) (1)

8.14.2 D Plank (1)

8.14.3 A Poppie (1)

8.14.4 C Bonsile (1)

8.15
- Die pas is gestempel "GEEN BESWAAR" (NO OBJECTION).
- Poppie kon haar pas elke keer sonder probleme hernu.
- Die pas was vir ses maande geldig.
- Mnr. Swanepoel het kontakte in hoë plekke gehad.
- Mev. Swanepoel wou vir Poppie behou/Poppie was 'n goeie werker.
- Mev. Swanepoel se dogter en baba sou kom kuier.

(Enige DRIE) (3)

8.16 8.16.1 Waar (1)

8.16.2
- Hulle name was op Mama se huiskaart.
- Hulle was nie trekarbeiders nie.
- Poppie het meer gesukkel omdat sy met (Stone) wat nie 'n Xhosa van daardie gebied was nie, getroud was.
- Hulle het makliker 'n permit/pas in die hande gekry.

(Of soortgelyk) (1)

8.17 Mdantsane (1)

8.18 8.18.1
- Toe Poppie moes weggaan uit die Kaap, wou sy weet of daar 'n skool vir haar kinders in Mdantsane was.
- Poppie het gekies om vroeg in die jaar weg te gaan sodat die kinders 'n vol jaar se skool kon kry.
- Poppie het vir mev. Swanepoel meer geld gevra sodat haar kinders skool toe kon gaan.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

8.18.2 Poppie kon van haar negende jaar af nie meer skool toe gaan nie. (1)

8.19 Dit is hoe die karakters gepraat het (en daarom pas dit by die teks). (1)

8.20
- Dit was naby die huis.
- Hy kon vroeg by die huis wees.
- Daar was nie ander werk nie.
- Hy het nie 'n keuse gehad nie.
- Hy kon 'n erf kry en 'n huis daarop bou.
- Stone het homself tekort gedoen om vir sy familie te sorg.
- Dit was die enigste manier om 'n pas te kry.
- As gevolg van sy pas sou hy op geen ander plek 'n werk kon kry nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

8.21 Nee.

- Poppie wou nie meer baklei nie/sy was moeg baklei.
- Poppie was tevrede met die wêreld soos dit toe was.
- Poppie het gedink wat verby was, was verby.

OF

Ja.

- Poppie se hele ongelukkige bestaan was die gevolg van onregverdige omstandighede/wetstelsels.
  (Of soortgelyk) (1)

8.22 Nee.

- Sy was moeg om te baklei.
- Sy wou net rus en vrede hê.
- Sy het gevoel wat verby was, was verby.
- Sy was nie 'n persoon wat moeilikheid gesoek het nie.
  (EEN feit TWEE punte word toegeken) (2)

**[35]**

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG**

***PALJAS* – Chris Barnard**

**Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**NLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:**

**Hendrik en Katrien se verhouding op Toorwater**

- Hulle het alleen op 'n afgeleë stasie in die Karoo gewoon.
- Hendrik het in die verlede geleef en geluister na musiek van toe hy jonk en verlief was.
- Hendrik het van Toorwater gehou, want hier was hulle geïsoleerd en weg van mans wat sy vrou van hom kon wegneem.
- Hendrik het nie regtig geweet hoe Katrien oor hom gevoel het nie.
- Hendrik het nie oor sy gevoelens gepraat nie.
- Hendrik het sy eensaamheid agter 'n vrolike houding probeer wegsteek.
- Frans se besoeke en vrugte wat hy vir Katrien gebring het, het Hendrik kwaad gemaak.
- Katrien was afsydig teenoor Hendrik en het sy toenadering geweier met die verskoning dat Willem wakker sou word.
- Katrien het eensaam en afgesonder gevoel.
- Katrien het gevoel dat Hendrik niks met sy lewe gedoen het nie.
- Katrien se lewe was eentonig en sy het vasgevang gevoel in haar lewe.
- Katrien wou vlug en het gedroom van weggaan na ander plekke toe.
- Katrien het gehuil as sy dink niemand sien haar nie.

- Katrien het gevoel Hendrik ken vrouens glad nie, Hendrik het meer van stukkende karre geweet as van vrouens.
- Katrien het gereeld voor die venster gestaan en die verte ingekyk.
- Katrien het nooit vir Hendrik gesê hoe eensaam en ongelukkig sy gevoel het nie.
- Katrien het heeltyd die begeerte na 'n beter lewe gehad.
- Katrien het Frans se aandag geniet en dit het haar nog eensamer in haar huwelik laat voel.

**Die gevolge van Hendrik en Katrien se verhouding op hulle gesin**

- Hendrik en Katrien het nie soos ouers/man en vrou gekommunikeer nie en op hierdie manier geen probleme opgelos nie.
- Emma het nie oor haar emosies gepraat nie en Frans se besoeke het haar ontstel.
- Emma het vir haar ma gesê sy wou nie trou nie.
- Emma het gevoel haar pa verstaan haar nie, want hy wou vir Nollie aan haar afsmeer.
- Willem was stom en het met gebaretaal gekommunikeer.
- Hendrik het sy gesin met raas probeer beheer en so respek probeer afdwing.
- Willem was hartseer oor sy ouers se bakleiery en hy het dinge gehoor wat hy nie wou hoor nie.
- Emma het nie meer klavier gespeel nie en eers toe Willem begin praat het, het sy weer begin speel.
- Emma het haar van haar gesin onttrek en wou niks met Nollie te doen hê nie.

**Hoe die gesin se lewe aan die einde van die verhaal verander het**

- Die gesin het begin praat toe Willem weggeraak het.
- Hendrik se keuse om vir Manuel te ondersteun na sy skietongeluk het bygedra om die gesin bymekaar te bring.
- Die insident by die Volstruisdans was 'n keerpunt in hulle verhouding.
- Die dorpsmense het hulle aanvaar as deel van die gemeenskap.
- Hulle moes praat oor alles al maak dit ook hoe seer.
- Hulle kon mekaar weer ondersteun.
- Elkeen in die gesin kon wees wie hy of sy was of wou wees.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

**VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**

***PALJAS* – Chris Barnard**
**(p. 18) en (p. 66/67)**

10.1 niemand sou vir Katrien van hom af wegneem nie. (1)

10.2
- Hendrik het ook vasgevang in sy omstandighede/op die stasie gevoel.
- Hendrik het gevoel hy kon ook net raas en baklei (om sy ontevredenheid te wys).

(Of soortgelyk) (2)

10.3 B gevoel dat niemand hom as stasiemeester erken het nie. (1)

10.4 10.4.1
- Hulle het apart geslaap.
- Hulle het nie soos man en vrou geleef nie.
- Hulle het dikwels gestry.
- Hulle het nie gekommunikeer nie.
- Katrien het Frans se aandag nie ontmoedig nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

10.4.2 Oor die feit dat Hendrik vir Nollie aan haar wou afsmeer. (1)

10.4.3 Willem kon nie/wou nie praat nie/het 'n spraakprobleem gehad. (1)

10.5 10.5.1
- 'n Pa het die reg om sy dogter teen ongewenste attensies te beskerm.
- 'n Man (Bertie) het nie die reg om aan 'n vrou te vat as sy dit nie goedkeur nie.
(Enige EEN of soortgelyk)(Die punt word toegeken aan die REDE waarom dit reg was dat Hendrik vir Emma beskerm het) (1)

10.5.2
- Ek sal vir hom sê dat 'n mens nie ander mense dikdom noem nie, dit is baie lelik.
- Jy maak mense seer as jy persoonlik raak.
- Jy moet Hendrik met respek hanteer, want hy is die stasiemeester.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

10.6
- 'n Lewe anderkant Toorwater.
- Die dinge wat sy misgeloop het omdat sy op Toorwater gebly het.
- 'n Beter/gelukkige lewe.
- Na die dae toe dit beter gegaan het tussen haar en Hendrik.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

10.7 10.7.1 Die nar het vir Willem genooi om die olifant te lei.
(Kontak met die olifant.) (1)

10.7.2
- Hy het met Willem gespeel.
- Hy het Willem nooit gedwing om te praat nie.
- Hy het nooit met Willem geraas of baklei nie.
- Hy het vir Willem aanvaar soos hy was.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

10.7.3 Die dag toe Manuel geskiet is. (1)

10.8 10.8.1 eier (1)

10.8.2 muntstuk (1)

10.8.3 konsertina (1)

10.8.4 kos (1)

10.9 10.9.1 Onwaar (1)

10.9.2
- Emma het gesien Hendrik en Katrien was ongelukkig getroud.
- Emma se ouers se swak verhouding het haar negatief oor die huwelik laat dink.
- Emma het vir haar ma gesê sy gaan nooit trou nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

10.10
- Hulle het gesê hy offer dik snye brood vir die afgode.
- Hy was met duiwelsdinge besig.
- Hy het die kos geoffer.

(Enige EEN) (1)

10.11 10.11.1 E Jan Mol (1)

10.11.2 D Dominee (1)

10.11.3 A Hendrik (1)

10.11.4 B Nollie (1)

10.12 10.12.1
- Hendrik was ontsteld, omdat die dominee hulle net besoek het om te verdoem.
- Hendrik was ontsteld omdat hulle net die dominee gesien het toe hy geld kom vra/kollekteer het.
- Hendrik was ontsteld omdat die dominee hom nie die kans gegee het om te praat nie. (1)

(Enige EEN)

10.12.2
- Katrien was ontsteld omdat die dominee hulle nie as mense geken het nie.
- Katrien was ontsteld omdat die dominee net geluister het na wat ander mense van hulle gesê het

(Enige EEN) (1)

10.12.3 Willem was ontsteld, want die dominee het gesê dit was sonde as mense op hulle gesigte teken. (1)

10.13
- Die dominee het gedink die nar was nie om die regte redes in die kerk nie.
- Die dominee het gehoor van die negatiewe dinge wat die ander kerkmense van die nar gesê het./Die mense het gesê dat die nar besig was met duiwelskuns.
- Die dominee het gedink die nar was 'n grapmaker/het gekom om hom te uit te tart.
- Die dominee het nie gehou van die nar se kleredrag en geverfde gesig nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

10.14
- Die kerk behoort vir alle mense oop te wees.
- Niemand mag toegang tot die kerk verbied word nie.

(Of soortgelyk) (1)

10.15 Hulle het die vorige keer die toorgoed daar gekry.
Hulle het tekens/spore/bewyse van Manuel daar gekry.
(Enige EEN) (1)

10.16 B het gesê die polisie was net soos die dorpsmense. (1)

10.17 10.17.1 Onwaar (1)

10.17.2 Manuel het na die sirkus verlang.
Die nar (was tydelik by die McDonalds en) het weggegaan.
Manuel het per trein weggegaan.
(Enige EEN) (1)

10.18 Ek sal hartseer/ongelukkig/seergemaak/kwaad voel.
OF
Ek sal my nie daaraan steur nie, want ek weet dit is nie die waarheid nie.
(Enige soortgelyke antwoord) (1)

10.19
- Om nie na stories te luister nie.
- Om mense te aanvaar soos wat hulle is.
- Om mense te leer ken voordat hulle hulle oordeel.
- Moenie net slegte dinge van mense glo nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

***STORIEJOERNAAL***

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***Baby* – EKM Dido**

**Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:**

**Attie en Baby se aankoms en reëlings vir verblyf in Nqamakwe**

- Sersant De Wit het die twee besoekers na die verteller se ouerhuis toe gebring (omdat Nooi en Baby min of meer ewe oud was.)
- Die besoekers se motor het gebreek.
- Die besoekers het koffie uit die bure se koppies gedrink, nie uit die blikbekers nie. (Hulle is goed ontvang.)
- Die verteller se pa moes van sy werk af kom om die besoekers te ontmoet.
- Hulle het blyplek tot die volgende dag nodig gehad en daar was nie blyplek in die bo-dorp nie.
- Die polisieselle was die alternatief as hulle nie by ouma Stienie in haar voorkamer kon slaap nie.
- Die verteller se ouers het vir oom Attie en vir Baby genooi om by hulle te eet.
- Oom Attie het vertel hy was 'n towenaar/kulkunstenaar van beroep.
- Oom Attie het aangebied om 'n vertoning op die dorp te hou voor hulle verder gaan.
- Sersant De Wit het belowe om die dorpsmense van die vertoning te vertel.
- Die sersant sou ook die saal vir die vertoning probeer reël.
- Die kinders op die dorp het saamgedrom om vir Baby te sien.
- Die spreker wou baie graag met Baby maats maak om te kan spog met haar maat uit die stad.

**Hoekom die inwoners van Nqamakwe gedink het Baby was anders**

- Baby het krullerige, swart hare gehad wat haar gesig versteek het.
- Baby het aandag getrek met haar manier van praat en haar kleredrag./Baby het haar a-klanke snaaks uitgespreek/Transvaalse aksent.
- Baby se swaar grimering en haar lang naels het dadelik aandag getrek.
- Baby se rokkie was baie kort.
- Baby se oë was soms smekend en het hulpeloosheid/vrees gewys.
- Oom Attie het baie besitlik teenoor Baby opgetree.
- Dit het by tye gelyk asof Baby gehuil het.
- Baby het haar heupe geswaai as sy stap.
- Baby het 'n paar keer gesê dat sy na haar ma verlang.
- Die mense het gedink Baby was dronk die oggend toe sy met die skraps klere rondgeloop het.
- Baby was afhanklik van die pilletjies waarna oom Attie die heeltyd verwys het.

**Hoe die sersant agtergekom het wat die waarheid was**

- Die verteller se ma was van die begin af onrustig oor oom Attie, want sy het hom 'n "gladde bek" genoem.
- Dit was die sersant se vrou wat agter die waarheid gekom het.
- Mevrou De Wit het van Pretoria af gekom en sy het Baby se vreemde aksent gehoor.
- Mevrou De Wit het die sersant daarop gewys dat Baby die ontvoerde Claudia Grootboom van Pretoria kon wees.
- Die sersant het dit bevesig toe hy weer na foto's van die ontvoerde meisie teen hul kantoor se mure gekyk het.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit. **[35]**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

### *STORIEJOERNAAL*

***OP SOEK NA KID KHUMALO* – Dolf van Niekerk**
**(p. 226)**

12.1 Frans Nkosi
Haar vriend (van agt jaar)
(Enige EEN) (1)

12.2 Johanna wou mev. Theron nie met haar probleme pla nie.
Johanna was bang om te pla, want selfoonoproepe was duur.
Johanna het gehoop sy kry nuus/inligting oor Kid.
Johanna het gewag/gehoop dat Kid sou terugkom.
(Enige EEN) (1)

12.3 Hulle het haar kamer groter gemaak. (1)

12.4 'n TV/televisie (1)

12.5 Katrien/Haar niggie (1)

12.6
- Kid het 'n kind gehad terwyl hy nog op skool was.
- Kid het nie gereeld onderhoud vir sy kind betaal nie.
- Hy kon nie 'n werk hou nie/rondgeswerf/dikwels verdwyn.
- Hy het nie gereeld vir sy sieklike ma gaan kuier nie.
- Hy het op treine en in motorwrakke geslaap.

(Enige TWEE) (2)

12.7
- Thomas se vrou wou niemand anders by hulle laat bly nie.
- Thomas se vrou wou nie kinders hê nie (dus geen kleinkinders vir Johanna nie).
- Thomas en sy vrou het haar nie dikwels besoek nie. (3)

12.8 B die sleutel was in die deur se slot. (1)

12.9 Soshanguve (1)

12.10 12.10.1 Onwaar (1)

12.10.2
- Johanna was bly (dat Kid 'n groot/verantwoordelike man geword het).
- Johanna het gevoel dat haar lewe nie meer in die lug hang/onseker is nie.
- Johanna het gehoop om by Kid te gaan bly.

(Enige EEN) (1)

12.11 12.11.1 Onwaar (1)

12.11.2
- Die bure het nie omgegee wat by Kid se huis gebeur/ aangegaan het nie.
- Die bure het nie geweet van Kid se kom en gaan nie.
- Die bure wou nie help/behulpsaam wees met die soektog nie.

(Enige EEN) (1)

12.12 12.12.1 C Johanna (1)

12.12.2 E Mev. Theron (1)

12.12.3 A Thomas (1)

12.12.4 B Frans (1)

12.13 A het die polisie hulle vertel van die man wat doodgery is. (1)

12.14 12.14.1 gepraat (1)

12.14.2 gedroom (1)

12.14.3 geweier (1)

12.14.4 gekyk (1)

12.15
- Sy kon daarna nie praat nie/woorde verloor/was geskok.
- Sy het haar gedagtes verloor/was geskok.
- Sy het aanhoudend van haar seuns gedroom.
- Sy was hartseer/depressief/het emosionele pyn gehad.

(Enige TWEE) (2)

12.16
- Kid was in 'n (tref-en-trap)ongeluk betrokke.
- Kid is deur 'n motor raakgery.
- Die stamp/die val van die ongeluk.

(Enige EEN) (1)

12.17
- Kid se ma/Johanna
- Kid se pa
- Kid se ouers

(Enige EEN) (1)

Kopiereg voorbehou

12.18
- Johanna het 'n huis gekry, terwyl sy eerder haar seun wou terughê.
- Die spreker praat van 'n huis kry, maar dit is onseker of Johanna die huis gaan kry.
- Johanna kon nie vir Kid ordentlik sorg toe hy klein was nie; nou het hy vir haar gesorg.
- Ouers sorg dikwels dat kinders finansieel versorg is as ouers sterf; nou is dit andersom.
- Toe Kid gelewe het, het hy nie vir Johanna versorg nie, maar nou doen hy dit.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

12.19
- Hulle kon haar in die kamer laat aanbly.
- Hulle kon haar verseker het dat hulle vir haar sou sorg.
- Hulle kon met Thomas en sy vrou gaan praat het.

(Of soortgelyk. Die antwoord moet verband hou met Johanna se behoefte aan sekuriteit/versorging/finansies op haar oudag en in haar siektetoestand). (1)

12.20
- Die kinders se pa wou hê sy moes haar werk los voordat hy met haar trou.
- Johanna wou nie afhanklik wees van hom nie.
- Hy kon nooit 'n werk behou nie.
- Johanna se kinders se pa het verdwyn.
- Hy het heeltyd by die huis gesit.

(Enige EEN) (1)

12.21
- Die skrywer rek die soektog (voorbeelde van uitrek van tyd word aanvaar) na Kid uit.
- Elke keer loop die soektog op niks uit nie (uitsteltegniek).
- Niemand kon help met inligting oor Kid se verdwyning nie.
- Die TV-beelde skep spanning/vooruitskouing.

(Enige EEN)
(Indien kandidaat net EEN tegniek genoem het, word 2 punte toegeken.) (2)

12.22 Ja. Dit is kinders se plig om na hulle bejaarde/ou ouers om te sien.
OF
Nee. Ouers moet self voorsiening vir hulle oudag maak.
(Of soortgelyk) (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

### *VERSJOERNAAL*

### VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

**Kontak – Theo de Jager**

13.1 kwatryn (½)

13.2 13.2.1 D metafoor (1)

13.2.2 B personifikasie (1)

13.2.3 A alliterasie (1)

13.3 "(om te sê dat ek) jou baie mis"
(Woordorde soos in strofe 1 reël 2.) (1)

13.4 13.4.1 Waar (1)

13.4.2
- "(die) kaart was gekrap"
- "(die) batterye pap"
- "maar die kaart was gekrap (en), die batterye pap"

(TWEE feite) (2)

13.5 "verdamp"
(EEN woord) (1)

13.6 A in die brief presies kon sê hoe hy/sy voel. (1)

13.7 magteloosheid (1)

13.8 13.8.1 hoop (1)

13.8.2 bid (1)

13.9
- In strofe 1 gebruik die spreker 'n selfoon/moderne tegnologie/foon. (1)
- In strofe 3 gebruik die spreker 'n duif/primitiewe manier/Bybelse tyd. (1)

(Die leerder kan ook met strofe 3 begin en dan strofe 1. Verskil moet duidelik aangedui word al is die strofe nie aangedui nie. Indien 'n kandidaat net na een verskil verwys, word slegs een punt toegeken.)

13.10 "sonder skrif" (1)

13.11 (Die) duif (1)

13.12
- Die takkie blare simboliseer goeie (positiewe) nuus/versoening/vergifnis/ vrede/liefde/hoop/dat die persoon die regte antwoord gekry het.
- Die takkie simboliseer dat die spreker weer kontak met sy/haar geliefde maak.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[17½]**

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

### Woorde – Vincent Oliphant

14.1 realisties (½)

14.2 Die spreker sou die bose magte tot 'n val wou bring.
(Mag ook bose magte in eie woorde omskryf.) (1)

14.3 assonansie (1)

14.4
- Die eerste twee reëls wys wat die spreker se woorde nie kan doen nie/nie krag het nie.
- Die derde reël wys wat die spreker se woorde wel kan doen/ kan sing.

OF

- Nie krag hê nie
- Kan sing

(Die leerder kan ook met reël 3 begin en dan reël 1 en 2. Verskil moet duidelik aangedui word van wat woorde kan en nie kan doen nie, al is die reëls nie aangedui nie. Indien 'n kandidaat net na een verskil verwys, word slegs een punt toegeken.) (2)

14.5 metafoor
(Indien twee reëls neergeskryf word, moet <u>dak</u> onderstreep wees as aanduiding van beeldspraak.) (1)

14.6 "swak" (1)

14.7 14.7.1 versoen (1)

14.7.2 leef (1)

14.8 14.8.1 C Die spreker se woorde praat net goed. (1)

14.8.2 D Die spreker se woorde kan mense nie beskerm nie. (1)

14.8.3 B Die spreker se woorde is eerlik en opreg. (1)

14.9 14.9.1 Onwaar (1)

14.9.2 Reël 18: "dat ons van grense sal vergeet"
(Punt moet toegeken word, ongeag die antwoord, **maar die onwaar moet korrek wees** – verkeerde strofe gegee.) (1)

14.10
- Voor "nee" (reëls 10-12) dui op die negatiewe/wat woorde nie kan doen nie/geweld ("baklei"/"koeëls/"byt").
- Na "nee" (reëls 14 -16) dui op die positiewe/wat woorde kan doen/vrede ("bid"/"pleit"/"wens"). (2)

14.11 C smeek (1)

Kopiereg voorbehou

14.12
- Landgenote
- Almal wat saam met jou leef/alle mense/jou naaste/ons mense.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[17½]**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

### Kabouterliefde – Ingrid Jonker

15.1
- Vir Simone
- Vir die digter se dogter
  (Enige EEN) (½)

15.2 'n kabouter (1)

15.3
- Hy is verlief.
- Hy het sy liefde verklaar.
- Sy liefde gegee.
  (Enige EEN) (1)

15.4 "kadoemps" (1)

15.5 15.5.1 D sig (1)

15.5.2 C tas (1)

15.5.3 A gehoor (1)

15.6
- (Die sterre het) geknipoog.
- Die sterre het 'n kring rondom die kabouter en die spreker getrek.
  (Enige EEN) (1)

15.7
- Dit beklemtoon die kleure/maak die kleure intens.
- Die klankherhaling maak die gedig klankryk.
- Dit dra by tot die speelsheid van die kinderwêreld.
- Dit dra by tot die ritme van die gedig.
- Pas by die kind se manier van praat.
  (Enige EEN) (1)

15.8 15.8.1 vorm (1)

15.8.2 blomme (1)

15.9 In die aand/gisteraand/gistraand/vorige aand/gister/nag/wanneer die maan opkom (1)

15.10 "boepens" (1)

15.11 Liefde (1)

15.12 A sirkel (1)

15.13 15.13.1 Onwaar (1)

15.13.2 Die kabouter het dit vir haar gesê. (1)

15.14 Ja
- Volwassenes sal die romantiese toon geniet.
- Volwassenes kan ook die fantasiewêreld wat hier uitgebeeld word, waardeer.
- Volwassenes kan ook met die ervaring van liefde identifiseer.
- Hulle was ook kinders en hierdie is 'n goeie herinnering.
  (Enige EEN of soortgelyk)

OF

Nee
- Volwassenes dink/fantaseer nie meer soos kinders nie.
- Volwassenes weet daar is nie kabouters nie.
- Volwassenes weet die liefde is nie net mooi/sprokiesagtig nie.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[17½]**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

## STAD IN DIE MIS – DJ Opperman

16.1 ek-spreker/eerstepersoonspreker
(Klem op ek/eerstepersoon.) (½)

16.2 16.2.1 Waar (1)

16.2.2 "gespanne" (1)

16.3 skelm (1)

16.4 "wit duisternis"
OF
"die mis"
(Enige EEN) (1)

16.5
- Dit bind die reëls heg/eenheid van die eerste fase van die gedig.
- Dit bind die handeling van die spreker en die dier saam.
- Dit verdoesel die kruisrym.
- Dit dui die beweging van die dier aan.
- Dit verhoog die spanning.
  (Enige EEN) (1)

16.6 16.6.1 D Stad word uitgebeeld as 'n sluipende dier. (1)

16.6.2 A Stad word uitgebeeld as 'n dreigende dier. (1)

16.6.3 B Stad word as 'n staalmonster uitgebeeld. (1)

16.7 Die dier se oë is bloedbelope./Die dier se oë is rooi. (1)

16.8 "kantelende rug metaal"/ "sy kantelende rug" (1)

Kopiereg voorbehou

16.9 B metafore (1)

16.10 16.10.1 progressie (1)

16.10.2 alliterasie (1)

16.11 "hap"
"knor"
"sluip"
(Enige TWEE) (2)

16.12
- gehoor
- hoor

(Enige EEN) (1)

16.13
- Die stad bied beter geleenthede vir werk, ens.
- In die stad is jy naby alle geriewe.
- Die stad bied baie opwinding.
- Die stad is veiliger.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[17½]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

## RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.

| | KODES EN PUNTETOEKENNING | | INHOUD [25]<br>**Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.** | | STRUKTUUR EN TAAL [10]<br>**Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Goed +** | **Kode 7<br>A<br>80–100%** | Uitmuntend<br>**20 tot 25 punte** | In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors.<br>Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie)<br>Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks.<br>Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks. | Uitmuntend<br>**08–10 punte** | Samehangende en gestruktureerde opstel.<br>Uitstekende inleiding en slot.<br>Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel.<br>Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek. |
| **Goed** | **Kode 6<br>B<br>70–79%** | Verdienstelik<br>**17½–19½ punte** | Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors.<br>Gedetailleerde reaksie.<br>Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks.<br>Baie goeie begrip van genre en teks. | Verdienstelik<br>**7–7½ punte** | Opstel is goed gestruktureerd<br>Goeie inleiding en afsluiting.<br>Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg.<br>Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding. |
| **Goed -** | **Kode 5<br>C<br>60–69%** | Beduidend<br>**15–17 punte** | Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer.<br>Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp.<br>Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie.<br>Begrip van genre en teks duidelik. | Beduidend<br>**6–6½ punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente.<br>Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie)<br>Vloei van argumente kan gevolg word.<br>Taal, toon en styl is grootliks korrek. |
| **emiddeld** | **Kode 4<br>D<br>50–59%** | Voldoende<br>**12½–14½ punte** | Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie.<br>Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie.<br>Basiese begrip van genre en teks. | Voldoende<br>**5–5½ punte** | Geringe bewyse van struktuur.<br>Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek.<br>Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas.<br>Paragrawe is meestal korrek. |
| **Onder-<br>emiddeld** | **Kode 3<br>E<br>40–49%** | Matige<br>**10–12 punte** | Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord.<br>Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp.<br>Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks.<br>Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie. | Matige<br>**4–4½ punte** | Beplanning van die struktuur is gebrekkig.<br>Argumente nie logies gerangskik nie.<br>Paragrawe is foutief.<br>Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie. |
| **Swak** | **Kode 2<br>F<br>30–39%** | Basiese<br>**7½–9½ punte** | Houvas op die onderwerp is swak.<br>Reageer herhalend en soms van die punt af.<br>Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Basiese<br>**3–3½ punte** | Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol. |
| **Swak -** | **Kode 1<br>F tot H<br>0–29%** | Ontoereikend<br>**0 tot 7 punte** | Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg.<br>Swak poging om vraag te beantwoord.<br>Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks.<br>Baie swak houvas op genre en teks. | Ontoereiken d<br>**0–2½ punte** | Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word.<br>Geen bewyse van logiese beplanning nie.<br>Geen paragrawe en koherensie nie.<br>Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon. |

Kopiereg voorbehou